



# 'N AFRIKAANSE WONING.

II.

Die twede van ons reeks Suid Afrikaanse Huise is 'n huis wat mooi sou lyk aan die kant van 'n berg. Van die klip van die koppie self gebou, met 'n panne of, nog beter, leidak, sou dit 'n mooi vertoning maak. Die huis is groot en die kamers ruim, dit sou geskik wees beide vir 'n dorps- of plaashuis. Die slaapkamers is gerieflik naby die badkamer en in verbinding met 'n groot stoep.

Die een kamer bo, met sy dak-venster, maak 'n welkom verandering aan die gewone styl. Hierdie kamer is alleen moontlik as die dak van panne of leie is, met 'n sinkdak sou dit heeltemal uit die kwessie wees. Die kamer sou onuithoubaar warm in die somer en bitterlik koud in die winter wees. Maar dit is nou ook tyd dat sink heeltemal afgeskaf word vir woonhuise. Panne en leie word hier in Suid Afrika gemaak, en is nie duurder as sink nie as gereken word dat hulle goed hou en met elke jaar mooier word, terwyl sink na 'n betreklike korte tyd verroes is en lek. Sink op sy beste is baie ongesond, omdat dit hitte en koue so maklik deurlaat naar die kamers. Die kamer word op die plan as studeerkamer aangegee, maar kan ook as loseerkamer gebruik word. Dit sou vir die huisvrou werk spaar, as daar geen gaste in die huis is. kan die kamer so maklik toegesluit en apart gehou word. Die ontvangkamer is 'n groot, deftige vertrek, met swaar balke onder die plafon. Daar is 'n groot, wye vuurherd met 'n ingeboude sitbank. Hoe gesellig kan mens hier saans in die winter bymekaar kom en oor die ou tye gesels!

Die kombuis en eetkamer is naby mekaar, dit maak die bediening aan tafel soveel geriefliker. Die stoep agter kan met vlieëdraad toegemaak word en in die somer sou dit 'n lekkere werkplek wees en ook 'n goeie ontbytkamer maak, waardeur die gebruik van die eetkamer verminder word. Dit sou vir die huisvrou veral in die reentweer 'n groot gemak wees. Indien gewens sou dit maklik wees om 'n deur van die kombuis direk naar buite te sit, langs die muur van die spens.

* * *

(Mnr. Moerdyk is heeltemal bereid om vrae te beantwoord en wenke te gee oor die onderwerp. Nou vra ons ons leseresse om die plan te kritiseer—moontlik siet een en ander iets wat na haar mening verkeerd is in die plan of sy kry 'n gedagte om hier en daar iets te kan byvoeg vir die gerief van die huisvrou of vir versiering van die woning. Mnr. Moerdyk skryf: Baie hang af van die oogpunt waaruit dit beskou word. Gemak, gesondheid, skoonheid, spaarsaamheid, duursaamheid, verkoopbaarheid ens."

Volgende maand gee ons die briewe wat ons ontvang het en die antwoorde van Mnr. Moerdyk omtrent die eerste huis (die wat in Maartmaand verskyn het.)

,,Dopper" vra: ,,Ek het 'n nuwe huis gebou met 'n boog tussen eetkamer en sitkamer. Dit is twee baie groot vertrekke, die boog is 'n bietjie te wyd na my sin. Wat sou u raai om dit 'n bietjie nouer te laat lyk? Die sitkamer het 'n ,,bay window" met 4 vensters met bo-ligte. Dit is die nuwerwetse vensters wat na buite oopgaan. In die eetvertrek is 3 vensters met bo-ligte, ook die nuwe soort vensters. Wat sou u raai, hoe moet ek die vensters behang? Watter soort gordyne, en hoe gemaak? Dan het ek 'n lang gang van 6 voet wyd. Wat sal daarin mooi lyk, watter soort mat, ens.? My houtwerk is alles van kejaathout (teak), asook die meubels. Ek wil nie graag in die sitkamer prente hang nie. Sal dit mooi wees om daar 'n rakkie te sit, en daarop goeie porselein te sit? Hoe hoog moet die rakkie wees? Moet daar darem nog 'n prentelys aankom?"

**Boog tussen eetkamer en sitkamer.**

Gordyne is die beste om die boog nouer te laat lyk. Sit 'n rakkie, 3 tot 4 duim breed, bo-oor die boog aan die eetkamer se kant, hierom 'n **gladde** val van 1 tot 1½ voet breed met fraaing daarom. In die middel kan die val reghoekig, 'n bietjie breër of smaller gesny word, dit breek die lyn en verhinder dat die val eentonig lyk. Onder die val moet die gordyne met ringe aan 'n gordynpaal gehang word, langes wat byna op die vloer raak. As die boog nooit heeltemal toe hoef te wees nie kan die gordyne gerus smal wees, maar as die twee kamers apart gehou moet word, moet die gordyne goed breed wees. sodat hulle, al is hulle toegetrek, nog in plooie hang.

**Materiaal**:—tamelik dik linne of ,,casement cloth" is beste, wol-goed lyk te swaar en vang baie stof op.


**Kleur**:—effe, wat goed by die res van die kamer pas.

Op die rak bo kan goed gesit word, veral koper of brons potte en vase lyk mooi vir 'n eetkamer.

In die Novembernummer van ,,Die Boerevrou" is 'n artiekel oor hoe om vensters te klee, daar sal raad gevind word vir die eetkamervensters, die gordyne moet bokant die bo-ligte vasgemaak word.

**Bay Window.**

By die genoemde artiekel oor vensterbekleding is 'n illustrasie van 'n venster met 'n sitbank. Die behandeling sou mooi wees vir die sitkamer-venster. Die sitbank lyk besonder mooi en neem daardie kaal indruk, wat ,,bay windows" soms het, weg. Die oortreksels van die bank lyk beste uit geblomde kreton gemaak, wat in kleur goed by die meubels en res van die kamer pas. As die bank met geblomde kreton oorgetrek is, is dit beste om die gordyne effe te maak, anders lyk dit te



bont. Neem 'n kleur wat goed by die oortreksels pas, liefs dieselfde kleur soos die **agtergrond** van die kreton.

As die venster aan die warm kant is en in die somer te veel son inkom, maak die gordyne dan lank tot op die vloer, breed genoeg om by mekaar te trek en dubbel, sê effe goed aan die vensterkant en dieselfde geblomde kreton soos die oortreksels aan die kamerkant. Bo langs die gordyne sit 'n val soos in die illustrasie. Voor die ruite self sit dun moeseline of kant-gordyntjies, bo en onder vas gemaak. As die venster egter aan die ooste of suide kant is, is die kant-gordyn nie nodig nie, nee selfs onwenslik, en die gordyne voor die ,,bay'' hoef net kort (tot op die sitbank), smal en enkel te wees.

**Rakkie om Sitkamer.**

'n Rakkie sal baie mooi lyk. **Hoogte**: Die rakkie moet ongeveer 7 voet van die vloer wees, d.i. gelyk met die lyste om die deure. As die boog hoër as dit is, sal dit mooi wees om die rak binne in die boog, tot by die gordyne wat aan die eetkamer kant hang, te laat loop. Die prentelys moet vas onder die rak kom. Dit lyk mooi om die mure bokant die rak lig te kleur en onderkant donker. Dit is onwenslik om baie skilderye op te hang, maar die paar wat gebruik word, moet so goed moontlik wees.

**Gang.**

Hier sal 'n breë, sê 4 voet loper beste lyk, met 'n smalle streep gepolysde vloer aan weerskante.

**Kleur**:—grys in die middel met 'n rooie rand.




# Dames!

Wanneer u man of verloofde besluit om 'n motorfiets met sykar te koop, staan dan daarop dat hy die gemaklikste soort kry sowel as die beste. Onthou dat u al die ongemak sal moet uitstaan. Daar is net een motorfiets wat aan die passasier in die sykar die grootste gemak besorg, en dit is die

**INDIAN**

Dit is die volmaakste motorfiets, en deur middel van sy wieg-vere versag dit al die skokke van die pad, wat die passasier anders sou moet voel.

**Alleen-agent vir Pretoria:**

**J. G. Dickson,**

**158, Kerkstr., Pretoria.**

**Telefoon 570 Sentraal.**

SPECIALE ARTIKELEN
VAN
**KATOEN, LINNEN & ZYDE**
VOOR DAMESHANDWERKEN

DOLLFUS-MIEG & C^IE SOCIÉTÉ ANONYME
KATOEN
LINNEN & ZYDE
VOOR BORDUREN · HAKEN · BREIEN
D·M·C
GEDEPONEERD FABRIEKSMERK
WASCHECHTE KLEUREN IN ALLE ARTIKELEN
EERSTE KWALITEITS ARTIKELEN
VOOR DAMESHANDWERKEN
MULHOUSE-BELFORT-PARIS

BORDUURKATOENEN D·M·C, PERLGARENS . . . . D·M·C
NAAIGARENS . . . . D·M·C, BREIKATOENEN . . . D·M·C
STOPKATOENEN . . . D·M·C, HAAKGARENS . . . D·M·C
BORDUURZYDE . . . . D·M·C, LINNENKANTGARENS D·M·C
VETERBAND D·M·C

**DOLLFUS-MIEG & C^IE, SOC. AN.**
MULHOUSE-BELFORT-PARIS

De D·M·C Garens en Veterbanden zijn verkrijgbaar in alle goede Handwerk en Garen en Bandzaken

# ,,DANDERINE''

**VERWYDER SKILVERS.**



Gee die hare nuwe lewe en laat dit groei. U kan u dowwe steil hare in 'n paar minute verander. U kan dit baie maak, en sag, glimmend en vol lewe. Kry net by enige apteker 'n klein botteltjie ,,Danderine''. Maak 'n sagte lap klam met die ,,Danderine , neem een klein stringetjie hare per keer en trek dit daar deur. Dadelik, ja, onmiddellik, sal die skoonheid van u hare verdubbel wees. Dit sal 'n lus wees, so sag en glimmend en s omaklik om op te maak.

Laat ,,Danderine'' meer lewe, kleur, groeikrag en glim in u hare bring. Die verkwikkende versterkmiddel sal u hoofdhuid opfris, jeuk belet, en skilvers en uitval teëgaan en sal u hare help om lank, dik, sterk en mooi word.

**DANDERINE**

word in drie groottes verkoop teen 2/-, 4/- en 7/6, by alle aptekers en winkels.